



## Boedelbeplanning méér as 'n polis

Die begrip boedelbeplanning beteken vir baie mense steeds bloot die uitneem van lewenspolis. Dit gaan egter oor veel meer. Sorg dus dat jou finansiële adviseur 'n holistiese boedelbeplanning doen.

**F**inansiële adviseurs of makelaars gebruik dikwels die begrip boedelbeplanning as die lokaas om vir 'n kliënt 'n testament op te stel. Dan word kontantbehoefte en uitgawes geïdentifiseer en lewensversekering aan die kliënt bemark. Die kliënt is tevrede, want 'n kundige het met hom of haar gepraat en die tekorte uitgewys.

Boedelbeplanning behels egter baie meer as net 'n finansiële ontleding. Dit is noodsaaklik dat 'n holistiese boedelbeplanning gedoen word.

### Gee genoeg inligting

Dit is wel so dat baie kliënte nie alles oor hul sake vir hul finansiële adviseur vertel nie. Dit veroorsaak dat die boedelbeplanning en testament nie altyd korrek is nie. Die beplanner benodig minstens albei gades se bates en laste, polisopsommings, testamente, besighede se finansiële state (om risiko's te bepaal) en trustaktes en gepaardgaande dokumentasie rakende die trust.

Bates en laste is nie inkomste en uitgawes soos sommige mense dink nie. Inkomste en uitgawes het te doen met jou maandelikse (of jaarlikse) begroting. Boedelbeplanners be-

nodig 'n beskrywing van bates en die waarde daarvan, asook die uitstaande skuld (laste) daarop en die basiskoste (die aankoopprys).

Die opsomming van polisse en beleggings word gewoonlik gekry by die finansiële adviseurs, wat dit elektronies by 'n instelling, Astute, trek. Nie alle polisse se besonderhede is op Astute nie. Die finansiële adviseurs behoort die inligting wat nie daarop is nie, te verskaf.

Die testament van albei gades of hul gesamentlike testament is noodsaaklik. 'n Testament bestaan uit twee tipes bemakings, naamlik legate en die restant. Legate is die vererwing van bepaalde bates (roerend of onroerend) of kontant. Daar kan vruggebruik, bewoningsregte, inkomsteregte en ander beperkte regte gekoppel wees aan die goed wat vererf word.

Die restant is alles wat oorbly en hoe dit verdeel word. As 'n testament nie die restant laat vererf nie, word dit intestaat vererf.

Hou in gedagte die huweliksbedeling is belangrik by dood.

Daar moet ook deeglik oor besighede se risiko's besin word. Hier kan veral lewens- en ongeskiktheidspolis help om die risiko's te ondervang.

Veral waar aandeelhouders en direkteure borg geteken en geld aan die onderneming geleen het, is dit belangrik om dit ook onderskeidelik as laste en bates van die kliënt aan te teken. Polisse is gewoonlik nodig by koop-en-verkooppooreenkoms- te waar vennote mekaar se belange oor en weer wil koop by afsterwe of ongeskiktheid.

Trusts wat opgerig word, skuld dikwels aan die oprigter geld in die vorm van 'n lening wat gemaak is aan die trust, en kan ook geld skuld aan finansiële instellings waarvoor iemand (die kliënt) borg geteken het. Dit moet ook onderskeidelik in die laste en bates van die kliënt aangeteken word. Daarvoor kan ook lewenspolisse uitgeneem word.

### Wees eerlik

Mense dink dikwels aan polisaansoeke as 'n irriterende voltooiing van vele vrae (veral mediese vrae) op die aansoekvorm. Die groot risiko by die uitneem van enige lewens- of ongeskiktheidspolis lê juis in die mediese vrae wat beantwoord moet word. Die meeste versekeringsmaatskappye doen mediese onderskrywing op grond van wat jy daar invul. Dit beteken hulle kan jou vooraf, voor die polis toegestaan word, vir 'n mediese ondersoek stuur om hul risiko's te ondervang.

Baie versekeringsmaatskappye doen nie 'n deeglike mediese onderskrywing nie. By sommige word net 'n paar mediese vrae gevra en of jy die waarheid invul of nie, word die polis uitgereik. Daar is baie mense wat weet dat hul mediese toestand nie die aansoekprose van 'n lewens- en ongeskiktheidspolis sal deurstaan nie, en dan bluf

hulle hulself met die uitneem van 'n polis wat nie medies onderskryf is nie.

Onthou, indien daar iets gebeur, word die mediese onderskrywing van sulke polisse eers gedoen by die eisstadium (dus ná dood of ongeskiktheid). Die versekeringsmaatskappye begin dan krap en soek na die persoon se mediese toestand.

Indien die antwoorde op die paar vrae by die uitneem van die polis nie strook met die ware mediese toestand nie, word die polis nie uitbetaal nie. In sommige gevalle word die premies ook nie terugbetaal nie.

Mense is baie ongeduldig met finansiële adviseurs oor mediese vrae. Die groot probleem is ook dat aansoekers nie konsekwent en korrek hul mediese vrae beantwoord en die jongste inligting verskaf wanneer hul gesondheidstatus verander (soos as iemand aan depressie begin ly) en hulle weer om 'n polis aansoek doen nie. Dit kan beteken dat die jongste polis nie uitbetaal as die persoon sterf nie.

Die beste raad is om alle mediese besoeke, medikasie, behandelings, operasies en name van dokters elke keer volgens datum en tyd op die skedule te plaas en as bylaag tot die mediese vrae by alle polisaansoeke by te voeg. Met die volgende polis word dieselfde volledig bygewerkte lys weer bygevoeg. Hou dus 'n skedule van die mediese geskiedenis van elke gesinslid op jou rekening by. **LBW**

*André Eloff (lid van Fisa) en AJ du Plooy is boedelbeplanners by Business & Legal Consultants (Edms.) Bpk.*

NAVRAE: [andre@buslegal.co.za](mailto:andre@buslegal.co.za)